


# **Johannes 15:1-8** Ek is die Wingerdstok

## Die wêreld van meer

- Mens wil soms afklim van hierdie wegholbus wat ons wêreld noem.  Altyd vinniger, meer groei, meer planne, meer prestasie. ’n Vol lewe lyk soos ’n wingerd wat wild groei — baie takke, baie blare, baie beweging.
- Maar Jesus kyk na ’n wingerd en sê iets vreemd: vrug kom nie deur meer nie, maar deur minder. ’n Wingerd wat nie gesnoei word nie lyk indrukwekkend, maar dra min vrug. Die blare word baie; die druiwe word min.

## Die geheim van die wingerd

- Vir Jesus se luisteraars was wingerde alledaags. Hulle het geweet dat ’n wingerd wat nie gesnoei word nie gou wild raak. Takke groei in alle rigtings en steel voeding van die vrug. Daarom kom die landbouer met sy snoeiskêr. Hy sny takke weg — selfs goeie takke — sodat die lewe van die wingerd na die regte plek vloei.
- Snoei lyk soos verlies. Maar in ’n wingerd is snoei eintlik die begin van vrugbaarheid.

## God se snoeiskêr

- Daar is ’n storie van ’n beeldhouer wat aan ’n groot stuk marmer kap. ’n Vriend vra wat hy maak. “’n Perd,” sê die beeldhouer. “Hoe maak jy ’n perd uit ’n klip?” “Ek kap net alles weg wat nie perd is nie.” Soms word iets nie gemaak deur by te voeg nie, maar deur weg te neem.
- Jesus sê: “My Vader is die landbouer.” God is nie net die een wat laat groei nie; Hy is ook die een wat snoei. Ons ervaar snoei as verlies, maar in God se hand kan dit die begin van nuwe lewe wees. God maak ons lewe soms leër, sodat ons meer vrug kan dra.

## Drie maniere waarop God snoei

- **God sny oortolligheid weg**
  Soms is ons lewe net te vol: te veel dinge, te veel geraas, te veel besittings, te veel bekommernisse. Die wingerd word gesnoei sodat energie weer na die vrug kan vloei. Soms sny God dinge weg wat ons aandag en liefde versprei. “God gives

us enough time to do the things that God calls us to do."

- **God sny siekte weg**
  'n Skalpel is ook 'n mes. Dit sny, maar dit sny om gesond te maak. Soms sny God dinge uit ons lewe wat ons stadig siek maak: ego, bitterheid, om reg te wil wees.
- **God sny ruimte oop vir die Gees**
  Wanneer wingerde te dig groei kan die wind nie deurkom nie. Dan begin skimmel vorm. Die Bybel noem die wind *ruach* — wind, asem, Gees. Soms sny God dinge weg sodat die Gees weer ruimte kry om deur ons lewe te waai.

## Herverbinding

- Die woord *religion* kom waarskynlik van die Latynse *re-ligare* — om weer te bind, weer te verbind.
- Die menslike probleem is dat ons losgeraak het van die bron van lewe. Daarom sê Jesus: "Ek is die wingerdstok; julle is die lote." Die tak het net lewe wanneer dit verbind bly. Jesus sê: "Sonder My kan julle niks doen nie." 'n Tak produseer nie druiwe nie. Die tak dra vrug omdat die lewe van die wingerdstok deur hom vloei en vrugte na vore stoot. Die geheim van die geestelike lewe is nie meer inspanning nie, maar dieper verbondenheid.

## Om in Christus te bly

- **Bly deur te luister**
  Wanneer ons stil word en terugstaan, luister, laat ons toe dat die lewe van die Wingerdstok weer deur ons vloei.
- **Bly deur lief te hê**
  Die vrug van die wingerd is uiteindelik liefde. Wanneer ons liefhet, wys dit dat die lewe van Christus deur ons vloei.

## Die uitnodiging

- Jesus se uitnodiging is eenvoudig: "Bly in My." Nie produseer vir My en doen meer vir My nie. Maar bly verbind aan die Wingerdstok. "The glory of God is a human being fully alive" (Irenaeus)

